

Die Effek van Lekaanvulling op Vleisproduksie

Nuusbrief – Julie 2017

Danie de Lange

Die doel van die proef was om te toets tot watter mate lekaanvulling bydra tot verhoogde vleisproduksie by Dorperooie. Verder was die mikpunt om die lammers direk vanaf die ooie te bemark voor die Kersmark in Desember.

Die proef is oor twee jaar (2002 en 2003) op harde veld met kort bossieveld sowel as grasweiding gedoen. Verder was dit 2 baie droë jare.

Die 160 jong ooie is deur dieselfde groep ramme in een trop gepaar vanaf 2 Januarie tot 15 Februarie. Ooie was geskandeer vir dragtigheid en toe ewekansig in 4 groepe verdeel. Groepe is met verskillende kleurplaatjies gemerk om hulle te onderskei. Elke oitrop is by sy eie veepos gedurende die proeftydperk in 'n vierkampstelsel roteer van einde Mei tot middel Desember.

Al die ooie het toe weer in een trop geloop tot na paring en toe weer in dieselfde 4 groepe verdeel.

Ooie en hul lammers is elke maand geweeg en elke groep se lekverbruik is aangeteken.

Tabel 1. Lekverbruik van 1 Jun – 15 Des

Behandeling	Lekinnames g/Ooi/dag		
	2002	2003	Gemiddeld oor 2 Seisoene
Klipsout	4	6	5
Kalaharilek	80	104	92
Produksielek	173	280	225
Energielek	370	280*	325

* *Energielek in tweede jaar gerantsoeneer*

Tabel 2. Proefresultate

	Klipsout	Kalaharilek	Produksielek	Energielek
Gemid Massa op 11 Des (kg)	30.87	35.54	34.32	34.46
Massaverskil (kg)	-	+ 4,67	+ 3,45	+ 3,59
Markklaar Lammers 11 Des	57%	91%	80%	91%
Gem. Massa (kg)	34.92	36.23	36.75	35.97
GDT (g/dag)	134	158	157	152
Nie-Markklaar Lammers	43%	9%	20%	9%
Gem. Massa (kg)	25.47	28.70	26.30	28.75
GDT (g/dag)	107	123	111	124
Aantal Ooie	40	41	40	43
Beginmassa op 24 Mei (kg)	53,60	51,48	49,92	51,73
Eindmassa op 11 Des (kg)	46,49	50,10	51,40	51,63
Massaverskil (kg)	- 7,11	- 1,38	+ 1,48	- 0,10

Afleidings en aanbevelings:

- ★ Lekaanvulling dra by tot verhoogde vleis produksie
 - Beter gemiddelde daaglikse toenames (GDT) van lekgroepe se lammers
 - Eindmassas van lammers uit lekgroepe vs lammers uit klipsoutgroep
 - Groter persentasie lammers uit lekgroepe was markgereed

- ★ Al drie oogroepe wat lek gekry het se massaverlies was die minste of was die verskil in begin en eindmassa die kleinste
 - Alhoewel herbesetting nie by ooie gemeet is nie, kan aanvaar word dat swaarder ooie makliker en vinniger ram sal vat

- ★ Om dié reaksie te kry moet BETYDS met lekaanvulling begin word
 - Begin vroeg(Jun/Jul) of kort na lam lek uitgee om melkproduksie by ooie te help stimuleer en dus lamgroei te optimaliseer

- ★ Produksielek en Energielek word vir korter periods vir spesifieke groepe diere aanbeveel en NIE vir die hele kudde die hele seisoen lank nie.
 - Gebruik die produkte in die volgende gevalle:
 - ✓ Graadverandering van ou ooie op die veld
 - ✓ Vervangingsootjies wat moet uitgroeï om ram te vat
 - ✓ Boklammers wat gebêre word vir latere bemarking
 - ✓ Prikkelvoeding op goeie weiding
- ★ Lekaanvulling is nie 'n "QUICK FIX" nie, maar eerder 'n langtermyn boerdery-inset om optimale vleisproduksie te ondersteun
 - U verbeter voortdurend genetiese kwaliteit/groei deur seleksie en ram aankope en verwag meer en swaarder lammers van die ooie.
- ★ Lek- en voerkostes kan 'n groot uitdaging raak in die najaar; maak dus seker u gebruik die regte produkte of lekmengsels.

